


DIE SWART

# LUIPERD

80c
+ AVB
RP
Zim. 90c
162



09
6 001699 000146

# MAN SONDER GEWETE

**DIE VREDEREGTER WOU LENIE DIPPENAAR HÊ, EN VIR HAAR SOU HY ROOF, BEDRIEG... SELFS MOOR!**



BARON ROLF DU PLESSIS EN 'N VRIEND, KLAAS GREYLING, HET MEKAAR OP DIE DORP RAAKGELOOP EN 'N BIER KOM DRINK.

A, hier kom ons vrederegter ook. Wil jy saam met ons 'n bier drink, Albert?

ALBERT BRÜCKE, NOU DRIE MAANDE LANK VREDEREGTER, LYK OMGEKRAP.

Nee, dankie. Ek wil net met Klaas praat.

Praat maar, ek luister.

Dié man is geneig om 'n bietjie dominerend te wees.
Ek wag, Albert.


Ek het nie veel om te sê nie. Net dit...bly weg van Nelie Dippenaar af!

Ek sal vir haar gaan kuier net wanneer ek wil en ek raai jou aan om jou neus uit my sake te hou.

DIE VREDEREGTER SLAAN ONVERWAGS EN VINNIG.
Jy het my gehoor!

KLAAS LAAT NIE OP HOM WAG NIE. HY SKOP...


Jy soek lankal hierna!

DAN IS DIT WEER DIE VREDEREGTER SE BEURT.
Ek sal jou vermorsel!




TOE HY KLAAS GRYP, KRY HY 'N ELMBOOG IN DIE MAAG.
Die ding gaan lelik word as ek nie keer nie.

Dis genoeg, Klaas! Hou op. Jy ook, Albert.
Hy het moeilikheid gesoek.

DAARMEE IS ALBERT NIE TEVREDE NIE.



VROEG DAARDIE AAND IS ALBERT BY NELIE DIPPENAAR.

Ek ag dit my plig om jou te vertel wat ek van Klaas Greyling weet, Lenie.

NELIE SE VADER, HENDRIK DIPPENAAR, 'N WEWENAAR, IS DIE BANKIER OP DIE DORP.

Hy is twee jaar gelede hier weg as 'n kerkmuis. Nou kom hy terug met genoeg geld om 'n groot plaas en troppe beeste te kan koop...



Hy het goud ontdek by Barberton, Albert. Omdat hy 'n boer is, het hy sy kleim verkoop en teruggekom.

Dis wat hy sê. Almal weet hoe knap hy met 'n rewolwer is.

Almal weet ook hoe jy geleef het voordat jy hierheen gekom het.


Jy het jag gemaak op mense wat vir die gereg vlug...mense met pryse op hul hoofde.
Dis wettig, en iemand moet dit doen. Nou is ek vrederegter.
Ek is klaar met daardie lewe. Trou met my, Nelie. Ek en jy sal gelukkig wees.
Ek...is nie seker hoe ek voel nie, Albert. Ek het tyd nodig om oor die saak te dink.




Nou goed dan. Ek wil met jou pa gaan praat.
Ek kan raai waaroor.
Ek sal jou more weer sien.
Miskien moet ek tog maar met hom trou. 'n Vrou het 'n sterk man nodig in hierdie woeste wêreld.

Ek wens net ek kan seker wees. Ek wàs amper... voordat Klaas teruggekom het.

HENDRIK DIPPENAAR IS NIE VERBAAS OM ALBERT SE VERSOEK TE HOOR NIE.
Ek vra jou toestemming om met jou dogter te trou.
Ek het dit lankal verwag.




Ek sal nie in haar pad staan nie, Albert, maar dit is natuurlik vir haar om te besluit.

Het sy ingewillig om met jou te trou?
Nog nie, maar sy sal as jy 'n goeie woordjie vir my doen.


Ek sal eerlik met jou wees, Albert. As ek haar kan beinvloed, sal dit ten gunste van Klaas wees.

Ek ken hom baie jare...
Jy verkies daardie skelm?




Ek weet van niks skelms wat hy al ooit gedoen het nie.
Ek het nie geweet jy is so naïef nie!

Ek sal Klaas Greyling eens en vir altyd moet uitskakel.


DAAR IS DRIE MISDADIGERS IN DIE SEL EN ALBERT GAAN REGUIT SOONTOE.
Wil julle gou hier uitkom?
Natuurlik, maar hoe?
Ek het 'n voorstel vir jou, Basjan.
Ek luister.
18
161

Ek kan julle laat ontsnap... en julle boonop met 'n sak vol geld laat wegkom.
Dis alles musiek in my ore.
Ek neem aan jy het 'n takie vir ons.
Reg geraai! Niks in hierdie lewe is vermiet nie.
Ek wil graag vir Klaas Greyling in jul plek agter daardie tralies sien.
19
161


Ek sal julle laat ontsnap op voorwaarde dat julle doen net wat ek sê.
Ons sal dit doen!
As julle my bedrieg, sal ek julle aan die einde van die aarde gaan haal.
ALBERT SE REPUTASIE AS 'N KOELBLOEDIGE MENSEJAGTER IS WELBEKEND.
Jy kan op ons staatmaak, Albert.
Ek gaan nie te veel van julle vra nie.
20
161


Hier is jul wapens. Daar is drie perde agter die sel. Gaan wag vir my by daardie ou plek waar ek julle aangekeer het.
HY MAAK SEKER DAT HULLE ALLES GOED VERSTAAN.
Goed. Dit moet oortuigend lyk. Klits my nou teen die kop.
21
161

MAANS BUITENDAGH DOEN DIT...EN GENIET DIT NOGAL.

Dis vir wat ek by jou gekry het.

Het jy nie te hard geslaan nie, Maans?

Ek glo nie, maar ek hoop nogal so.

DIS 'N RUKKIE LATER, ROLF HET DIE RUITERS HOOR WEGJAAG, KOM ONDERSOEK INSTEL EN ALARM GEMAAK.

Kan jy nou praat, Albert?

Ja...ek voel beter...



Wat het gebeur?

Iemand het my bekruip en teen die kop geslaan.

Ek sien die sel is leeg. Dit moes 'n vriend van my gevangenes gewees het.

Ek sal hulle more kry...en ook die vent wat my geslaan het. Verstaan jy dit?
Waarvan praat jy?
Ek dink ek weet wie my die bekruiphou geslaan het, Greyling!
Haai, beskuldig jy my daarvan?
Nee...nog nie. Ek het nog bewyse nodig.
Wat jy nie sal kry nie.
24
161


Hier is 'n onderduimse ding aan die gang. Ek hou nie van daardie beskuldiging nie.
TEEN SONOP VERTREK ROLF EN KLAAS SAAM MET DIE VREDEREGTER.
Hul spore is heeltemal duidelik...danksy eergister se reën.
25
161


En hulle lei reguit na jou plaas toe, Greyling.
Ek kan net nie glo dat Klaas so iets sou gedoen het nie.


KLAAS TUUR PEINSEND VOOR HOM UIT.
Dit lyk nogal so. Ek wonder hoekom.
Maar 'n mens kan raai.




HULLE BEREIK DIE RIVIER.
Hier is hulle die water in.
Klaarblyklik omdat hulle nie verder agtervolg wou word nie.


Maar hulle moes weer iewers uitgekom het.
Ons sal die plek kry... as ons net lank genoeg soek.

HULLE GAAN UITMEKAAR OM TE SOEK.
Ek sal oorkant toe gaan.


NA 'N RUK MOET HULLE EGTER TOU OPGOOI.
Dis hopeloos. Hulle kon baie ver in die stroom langs gegaan het.




Dis baie na aan jou huis, Greyling. Is jy seker jy het hulle nie gesien nie ...of is hulle jou vriende?


Ek het nou genoeg gehad van jou valse beskuldigings.


Stadig, Klaas. Jy sal sake net moeiliker maak vir jouself as jy jou humeur verloor.
En jy is te haastig met beskuldigings, Albert.
Ek dink jy moet jou neus uit hierdie saak hou.




Ek sal al die bewyse kry wat ek wil hê. Jy kan dalk aan die verkeerde kant staan.
Hy sal my graag agter die tralies wil sien.
Ek gee pad, voordat ek die vent se nek breek.
Ek dink jy is wys.


Jy sal jou woorde nog sluk, Brücke.
Ek gaan saam met jou ry.


DIE VREDEREGTER GAAN BESOEK SY HANDLANGERS TOE DIT VEILIG IS. DIT IS NIE BAIE VER DAARVANDAAN NIE.
Ek is bly om te sien julle lyk tuis.

Ek dink daar is reeds baie mense wat agterdogtig is teenoor Greyling. Alles behoort vlot te verloop.


Daar is vanaand 'n partytjie by Dippenaar se huis. Ek en Greyling sal albei daar wees, en baie ander mense.

Dis wanneer julle die bank gaan beroof. Van die geld moet net so in die bank se sakke in Greyling se huis beland.
Maar darem nie alles nie.


DIE PLAN WORD VOLLEDIG BESPREEK, EN DAN MOET DIE VREDEREGTER VERTREK.
Niemand sal julle pla nie. Ek sal julle weer hier ontmoet.

DIE DRIETAL IS ERVARE INBREKERS EN HULLE ONDERVIND DAARDIE AAND GEEN MOEITE OM BY DIE BANK IN TE BREEK NIE.

Hou jou oë en ore oop, Maans.
Niemand sal kom kyk nie. Dit gaan te jolig by die partytjie.


Die eenvoudigste brandkas wat ek in jare gesien het.
En so mooi prop-vol geld!


HULLE WAS JUIS VAN PLAN OM DIE BANK TE KOM BEROOF TOE ALBERT HULLE BETRAP HET.
Om te dink dis nou die vrederegter wat dit vir ons moontlik maak!

Weg is ons! Ons moet nog na Greyling se huis toe.
Dis tog jammer dat ons nie alles kan hou nie.

KLAAS SE HUIS IS VERLATE EN DIS NOG MAKLIKER OM DAAR IN TE BREEK.

Ons kan dit sommer hier laat...
Nee, dit moet darem lyk asof hy dit weggesteek het. Die slaapkamer is die plek.


Ek gaan dit hier neersit, sodat ons vrederegter dit darem kan kry.
Ek hoop net nie hy verwag dat ons in die hof moet gaan getuig nie.
Daar is niks om te getuig nie. As die geld hier gekry word, sal dit doppies wees met Greyling.




VROEG DIE VOLGENDE OGGEND, IS ROLF SAAM MET DIE VREDEREGTER EN HENDRIK DIPPENAAR OP DIE SPOOR.
Hulle het weer dieselfde rigting ingeslaan.
Hier is hulle weer af rivier toe.
Ek draai nie om voordat ons hulle gekry het nie.

Kyk daar. Reguit na Klaas Greyling se opstal toe.
Dit lyk bepaald so.


Ek sê dis hy wat die vuilgoed help ontsnap het...sodat hulle die bank kon beroof.

Ek kan dit nog nie glo nie. Kom ons volg die spoor.
Dis onnodig. Ek gaan reguit na Greyling se plaas toe.

KLAAS SIEN HULLE AANKOM EN KOM UIT OM TE GROET.
Dis 'n onverwagte besoek, Rolf. Waaraan het ek dit te dankie?
Asof jy nie weet nie!

Waarvan praat die vent? Beskuldig hy my al weer?
Ek dink jy moet maar luister en jou bedwing, Klaas.
My bank is gisteraand beroof terwyl ons partytjie gehou het.
Ek die rowers se spore lei hierheen.

Het jy dalk die rowers gesien?
Ek? Hoe kon ek hulle gesien het?
Ek was ook by die partytjie en jy weet dit.
En wat van jou vriende?
Watter vriende?
Klaas, ons het spore gekry wat hierheen lei...wat dit ook al mag beteken.


Ek dink jy is by die ding betrokke. Ek wil jou huis deursoek.
Weet jy wat? Ek gaan jou toelaat om dit te doen.

Gaan voort. En wanneer jy klaar is, gaan ek al jou beskuldigings in jou keel afdruk.




HULLE GAAN ALMAL DIE HUIS BINNE.
Ons sal sommer hier begin.

Ek wil hê julle moet almal kyk wat ek doen.
Jy kan verseker wees dat jy dopgehou word.


Ek wil dit nie sommer dadelik kry nie.

DIE SOEKTOG IS LANK EN DEEGLIK.
As jy my net sê waar-na jy soek, kan ek dalk help.
A, lyk dit nie na 'n banksakkie nie?
Ek het dit nog nooit gesien nie!




Dis vol geld. Kan jy dit verklaar?
Ek het dit nie daar gesit nie.
Ek het geen benul van waar dit vandaan kom nie!
Dis nou vir jou 'n oulike storie!


Dis een van die gesteelde sakkies hierdie, Klaas.
Dan is die saak opgelos.
Jy is in arres weens bankroof...
Ek het dit nie gedoen nie!

Iemand het dit daar gesit sonder dat ek daarvan weet, en dit sal my nie verbaas as jy agter die ding sit nie.
Die regter sal hom morsdood lag as jy dit in 'n hof sê. Jy is skuldig en jy is betrap.
Nou wil ek weet waar die res van die geld is en waar jou trawante wegkruip.
Dit lyk lelik.
KLAAS IS DRONKGESLAAN.
Ek weet niks van die bankroof af nie.

ALBERT SLAAN SKIELIK, MAAR KLAAS KOES.
Leuenaar!
Smeerlap! Dis hy wat dit gedoen het!
50
161

Dis genoeg! Staak dit!
Los hom liewer, Klaas.
HULLE SLEEP DIE VERWOEDE KLAAS MET MOEITE WEG.
Ek sal hom kry hiervoor!
51
161

Wat jy nou sal doen, is om tronk toe te gaan... en ek sal sorg dat jy baie lank daar sit.
Hy het dit gedoen om my uit die pad te kry.
Hou jou verdediging vir die regter, Klaas.
Ek glo hom. Hy is geen bankrower nie...en ek dink die Swart Luiperd moet na die regte skuldige begin soek.




TOE NELIE VERNEEM DAT KLAAS IN DIE TRONK IS, GAAN SY DADELIK DAARHEEN.
Ek wil met Klaas praat, Albert.
Met daardie skelm? Hoekom?
Ek wil net met hom praat. Dis my saak waarom.
Sy sou nie sommer verniet gekom het nie.

ALBERT IS NOU BAIE SEKER VAN SY SAAK.

Nou goed, praat dan. As die regter met hom klaar is, sal jy hom nie gou weer sien nie.

Van daardie vent is ek nou vir goed ontslae.



KLAAS IS IN 'N NEERSLAGTIGE LUIM.

Ek het dit nie gedoen nie, maar jy sal my seker ook nie glo nie.

Ek het jou lief. Ek wil met jou trou. Hoekom sal ek dan so 'n onnosele ding aanvang?

Ek glo jou, Klaas.

Getuienis of nie, ek glo jou en ek het jou ook lief.

Dis die mooiste woorde wat ek nog gehoor het.

Ek het genoeg geld. Ek hoef nie te steel nie.
En jy hoef my ook nie te probeer oor-tuig nie.


HULLE WORD NIE VEEL TYD GEGUN NIE.
Komaan, Nelie. Dis genoeg.




Wag vir my. Ek wil met jou praat.

Wat is daar om oor te praat?
Ons kan praat oor wat jy besluit het.

Ek het besluit dat ek Klaas liefhet. Ek glo dat hy on-skuldig is en ek gaan met hom trou.

SONDER MEER KEER SY HAAR RUG OP HOM EN STAP UIT.
Jy sal hom nie weer sien nie.


DIE SWART LUIPERD HET WEER GAAN SPORE SOEK.
Die rowers was nie by Klaas se huis nie. Waarheen is hulle dan?

HY VOLG DIE SPORE TOTDAT HY 'N GEBOU SIEN.
Hulle is reguit soontoe.

Die ding begin nou interessant word.

IN DIE OU GEBOU GAAN DIT JOLIG. HULLE SIEN NIE DIE ONHEILSPELLENDE GESIG BY DIE VENSTER NIE.
Dis die knape wat in die sel was.

HY HOOR NADERENDE HOEFSLAE.
Hier kom 'n besoeker.
Dit kan geen-skade doen om te loer wie dit is nie.
ALBERT KOM NIKSVERMOEDEND NADER.
Van hulle sal ek ontslae moet raak.
60
161

Sodra hulle hul doel gedien het, sal ek 'n plan maak.
HY WORD GEESDRIFTIG VERWELKOM.
Knap gedaan, kêrels!
61
161


Daar is nog een takie wat ek wil hê julle moet verrig.
Jy het gesê ons kan die buit deel en padgee!
Gaan julle argumenteer oor die saak?
Nee, wag 'n bietjie...
62
161


HULLE WEET HOE DODELIK HY MET DAARDIE REWOLWER IS.
Ons wil nie 'n skietery hê nie, Albert. Wat moet ons doen?
Ek wil hê julle moet Greyling in sy sel gaan doodskiet.
Dit klink nie te moeilik nie.
63
161


Dit moes ek verwag het.
Sodra dit gedoen is, deel ons die geld en julle kan padgee. Dis 'n belofte.
Solank ons dit vanaand nog kan doen. Ons wil nie langer hier bly nie.
64
161


HULLE VERTREK SOMMER DADELIK SAAM MET HOM.
Julle kan buite die dorp wag tot dit donker is.
Ek sal daar wees...
65
161


Daardie aand...
Dis makliker as om sake met Albert uit te spook.
BY DIE VENSTER ROEP HY SAGGIES.
Klaas! Kan jy my hoor?
Ja? Wie is jy en wat wil jy hê?

Net 'n duidelike teiken, vriend!
DIE SKOOT WORD NOOIT AFGEVUUR NIE.
Jy het my lank laat wag.

Slaap rustig...

ALBERT WAG DAAR NABY, MAAR BUITE SIG.
Ek sal hom op heter daad betrap, net nadat hy dit gedoen het, en hom doodskiet.




Dan kan ek van die ander twee ontslae raak en geen haan sal ooit weer hierna kraai nie.

BASJAN IS SY REWOLWER KWYT EN HY HET HARD GEVAL, MAAR HY IS TAAI.
Een van ons twee gaan hier bly lê.

SY STEEKHOU WORD ONTDUIK.
Dis maar lomp.

HY KRY EERS 'N ELMBOOG...

EN DAN VEL 'N VUISHOU HOM WEER NEER.

BASJAN IS ONGELUKKIG. HY VAL OP SY EIE MES.




KLAAS STAAR GESKOK DEUR DIE VENSTER.

Wie is jy? Wat doen jy hier?
Jy kan sien wie ek is. Die vrederegter sit agter hierdie ding.

ALBERT HET KOM KYK WAAROM HY NOG GEEN SKOOT GEHOOR HET NIE.
Grote Griet! Dis die Swart Luiperd!


Hy is beslis nie aan my kant nie!

Agter jou! Hy gaan skiet!

DIE KOEËL SKRAM VAN DIE MUUR AF WEG TOE DIE SWART LUIPERD WEGKOES.
Hy maak dit makliker vir my.

Hier moet ek vinnig wegkom...voordat hy begin skiet.
ALBERT VERDWYN VINNIG IN DIE DONKER.
So maklik gaan jy nie wegkom nie!
IN DIE DONKER IS DIE SWART LUIPERD SE SKOOT DOK MIS. HY VOLG ALBERT 'N ENT.
Weer mis. Hy gaan wegkom.
74
161

Dis hopeloos in die donker. Ek moet liewer seker maak dat hy nie teruggaan en Klaas vermoor nie.
Ek kon hom ongelukkig nie kry nie.
Dis jammer...sommer baie jammer.
75
161

Toe maar, ek dink ek weet waarheen hy is.

En dit is waar ek hom nou gaan besoek.
Help my om hier uit te kom. Die sleutels is in die kantoor.

Goed. Jy is nie juis veilig hier nie.

MET LIGDAG DIE VOLGENDE OGGEND WAG ALBERT BY SY TRAWANTE.
Ons moes liewer padgegee het solank ons kon.


Met die Swart Luiperd vir ewig op jou spoor? Ek lê hom liewer hier voor en kry klaar.
Hier wag 'n verrassing vir hom as hy jou durf volg.




DIE SWART LUIPERD EN KLAAS NADER DIE PLEK BEHOEDSAAM.
Dis te oop. Ons kan nie ongesiens nader gaan nie.
HULLE SLUIP NET 'N ENTJIE NADER.
Ek vrees hier is geen skuiling nie. Hulle sal ons ver sien aankom.
Kom ons kyk of hulle wakker is.
As jy dan waag-halsig voel...

HULLE SPRING TEGELYK OP.
Wees gereed om plat te val sodra hulle begin skiet.
Daar kom hulle!
Kom ons voer hulle lood.
80
161


Net een sarsie. Ons sal vinnig moet padgee.
Ons moes hulle laat nader kom het!
81
161


Maar ek dink ons het hulle vasgepen. Hulle kan nie nader kom nie.
Ons wag. Hulle sal weer probeer.
As hulle net deeglik wil korrel, kan hulle ons albei ompik.

HULLE BEREIK 'N VEILIGE PLEK.
Daar is net geen manier waarop ons hulle sonder gewere kan bykom nie.
Sien jy hoe reguit loop daardie ou paadjie na die deur toe?
Ja. Wat daarvan?


Daardie wawiel lyk vir my nog heeltemal goed hiervandaan.
Wat bedoel jy?

Daar is dinamiet in my saalsak. Gaan haal dit.

DIE SWART LUIPERD GAAN HAAL DIE WIEL. DIS IN 'N GOEIE TOESTAND.
Wat wil jy doen?
Gaan haal jy net die dinamiet. Ek sal jou dek.


KLAAS LAAT SPAT.
Hy weet seker wat hy doen.


Dis net om hulle besig te hou.


As dit nie slaag nie, sal dit hulle minstens goed die skrik op die lyf jaag.
KLAAS BLY NIE LANK WEG NIE.
Hier is dit!
86
161


Ons hou hulle daar met 'n skoot so af en toe. Ek sal netnou agter uitglip en om hulle sirkel.
KLAAS WEET NOU WAT DIE SWART LUIPERD WIL DOEN.
Ek dink dit behoort hulle daar uit te kry.
87
161


DIE DINAMIET WORD AAN DIE SPEKE VASGEMAAK.
Ek is seker dit sal werk.
Hou vas so. Ek is amper klaar.
Dit wil ek nou graag sien.




Loop nou net reguit, wiel!
Haai, wat kom nou hier aan?
Dis 'n wawiel...maar wat is daardie rokie?

DIE WIEL HOU REGUIT IN DIE PAADJIE AF NA DIE DEUR...

EN DIT TREF HARD GENOEG OM DWARS-DEUR DIE VERWEERDE OU HOUT TE BARS.

Dinamiet! Gee pad!



DIE ONTPLOFFING RUK HULLE VAN HUL VOETE AF NET TOE HULLE OP 'N BONDEL BY DIE DEUR UITVLUG.

KLAAS EN DIE SWART LUIPERD IS REEDS DEUR DIE ROOK OP PAD.

Pasop, hulle het nog skietgoed.

ALBERT IS DUISELIG, MAAR VOL HAAT EN WOEDE.
Hulle gaan nog aan die kortste ent trek. Ek is nog nie oor die muur nie.
DIE TWEE SKOTE KNAL BYNA TEGELYK.
Ek het net hier-voor gewag.
TOE DIE SKOTE KLAP, RUK DIE VREDEREGTER AGTEROOR EN BLY LÊ.
92
161

SY MAAT WEET DAT DAAR VIR HOM MIN GENADE SAL WEES.
Hulle kry my nie weer in daardie tronk nie!
OOK HY WORD NEERGEVEL.
93
161

DAAR IS NOG EEN OOR EN KLAAS IS OP DIE PUNT OM TE SKIET.
Nee! Ons het 'n getuie nodig.
MAANS HET SY VUURWAPEN VERLOOR EN VLUG VREESBEVANGE.
As jy 'n getuie wil hê, sal jy een kry.
DIS DIE SWART LUIPERD WAT DIE VOORTVLUGTE INHAAL.
Hy skiet vinniger...hy hardloop vinniger...




MAANS SKOP DESPERAAT.
Ek gaan my nie soos 'n lam laat slagpale toe lei nie.
HY WORD REGOP GERUK.
Jy is gelukkig dat ons jou nodig het.

Los my! Julle is twee teen een...
Wat 'n grap! Toe maar, ons het jou nodig. Jy gaan die volle waarheid in die hof vertel.
Maar eers gaan jy deur daardie rommel soek vir die gesteelde geld.
Ek weet waar dit is.
Ons het dit in 'n sterk trommel gesit. Dalk is dit veilig.
Nou kom ons gaan haal dan die trommel...
96
161

DIE VOLGENDE DAG. ROLF DU PLESSIS IS GENOOI OM 'N HAASTIGE VERLOWING TE HELP VIER.
En hoe gouer julle nou getroud raak, hoe beter.
Ek sal graag die heildronk wil instel...op 'n kort verlowing.
Geen beswaar nie.
Daardie plannetjie van ons skelm vrederegter het amper geslaag.
97
161

Gedruk en uitgegee deur die eienaars, Republikeinse Pers (Edms.) Bpk., Suidkusweg 1322, Durban en versprei deur Republikeinse Nuusagentskap, Heightstraat 28, Doornfontein, Johannesburg.